LAERSKOOL KRUGERPARK

DURF AAN EN VOLHARD

# ***Laerskool Krugerpark: Tennisbeleid***

Dit onderskryf ook ons skool se visie en missie in die algemeen en spesifiek ten opsigte van sport.

## 1. LIGASPANNE EN TOERNOOIE

- **Eerste en Tweede Kwartale**

  In die Eerste- en Tweede Kwartale vind daar algemene afrigting plaas vir beide span spelers en beginners.
  Uitspeelwedstryde word intern gereël. Daar word begin met 'n leer waarvolgens die leerders geplaas word. Daag/uitspeelwedstryde word deur die Tennis organiseerder georganiseer en gekoördineer.
- Laerskool Krugerpark neem in die 3de kwartaal aan vriendskaplike ligas deel vir beide seuns en dogters indien daar soveel leerders beskikbaar is.
- In die 4de kwartaal vind interne tenniswedstryde plaas waar die wenners dan in volgorde op die tennisleer geplaas word. Indien leerders in die skool bly vir die volgende jaar, word die leer vir die eerste kwartaal geïmplementeer. Indien 'n leerder die skool verlaat het (Gr. 7 of anders) skuif leerders op in die volgorde.

## 2. KEUSE EN KRITERIA VAN SPANNE

- Wanneer 'n nuwe leerder in die skool kom en vir sy/haar vorige skool se A of B-spanne gespeel het, mag hulle enige van die leerders wat reeds op die tennisleer is, daag vir 'n uitspeelwedstryd. Indien hy/sy die wedstryd wen, skuif die uitgedaagde speler een plek af in die leer en die uitdager skuif in sy/haar plek in.
- Indien 'n nuwe speler die uitdaagwedstryd verloor, mag hy/sy 'n tweede keer daag, maar dan van die onderste helfte van die leer.
- Spelers wat nie die vorige jaar aan die interne kampioenskappe deelgeneem het nie, se naam word onder aan die leer geplaas. Hy/sy mag dan die spelers van onder af daag vir plek op die leer.

- Indien 'n speler beseer is en nie aan 'n kampioenskap-wedstryd kan deelneem nie, mag so 'n speler 'n mediese sertifikaat indien en kan later uitspeel.
- Spelers wat reeds op die tennisleer is, mag tot 2 plekke bokant hom/haar daag.
- Daagbriefies moet op die Maandag voor die daagwedstryd, by die tennisorganiseerder gekry word en daagwedstryde moet Dinsdag-oggend geregistreer word, sodat dit op die Dinsdagmiddag of Donderdagmiddag kan plaasvind. Albei leerders moet die daagbriefie onderteken. Daar mag net 1 daagwedstryd per week geregistreer word deur 'n speler.
- Uitdaagwedstryde moet in die week waarin dit geregistreer is, gespeel word.

  Indien een van die uitdagers onttrek of nie opdaag vir die wedstryd nie, verval registrasie. Die wedstryd word dan aan die een toegeken wat opgedaag het.
- Wenners kry eerste voorkeur om vir die volgende week te daag. Dit moet weer eens op die Maandag aangevra word. Verloorders mag dan Dinsdag, na die verskyning van die nuwe tennisleer, 'n daagwedstryd met die eerste of tweede speler bokant hom reël.
- Indien die speler wat gedaag het, 2 keer teen sy/haar teenstander verloor, mag hy/sy nie weer daardie speler daag nie.
- Tydens 'n daagwedstryd, wen die persoon wat eerste 8 spelle gewen het. Opwarming duur nie langer as 10 minute nie. Geen speler mag die baan verlaat voordat hulle nie uitgespeel en tot 'n vergelyk gekom het nie.

  Balle vir die wedstryd, moet deur die uitdager by die tennisorganiseerder verkry word, en weer terugbesorg word. Wedstryde word by die skoolbane gespeel en moet weer by die tennisorganiseerder bespreek word. Daagbriewe moet so gou moontlik na die uitspeel van die wedstryd aan die tennisorganiseerder terugbesorg word, met die uitslag daarop.
- Verkieslik moet geen wedstryde 'n dag voor 'n toets gereël word nie. Slegs as daar wel 'n ooreenkoms tussen twee spelers bereik word, mag so 'n wedstryd wel voor 'n toets gespeel word.
- Die tennisleer sal elke Maandag op datum gebring word deur die tennisorganiseerder.

- Geen leerder mag 'n onderwyser tydens klastye steur met reëlings vir enige tenniswedstryde nie. Ouers mag ook nie na-ure met onderwysers kontak maak oor enige tennissake nie, tensy dit 'n dringende saak is soos 'n leerder wat voor 'n liga-wedstryd siek is.
- Geen inmenging van ouers gedurende wedstryde sal geduld word nie. Hierdie reël sal streng nagekom word. Enige versoeke of inligting oor probleemsituasies, kan skriftelik aan die onderwyser in beheer gerig word.

**3. OUERBETROKKENHEID**

- Daar word skriftelik met die ouers gekommunikeer, en by hoë uitsondering, telefonies.

**4. AFRIGTING EN AFRIGTERS**

- Tydens oefeningsessies en wedstryde moet die afrigters ten alle tye by die bane wees. Geen leerder word alleen op die bane toegelaat sonder onderwyser-toesig nie.
- Tennisspelers word deeglik opgelei om die tennisreëls te leer ken. Tennis-etiek is baie belangrik. Spelers moet ten alle tye korrek optree op die baan.
- Leerders moet ook opgelei word waar om op die baan te staan wanneer daar gespeel word.

**5. OEFENTYE**

- Vanaf die 6de week van die eerste kwartaal, vind oefening elke Woensdag vanaf 14:15 tot 15:15 plaas.
- In die 3de kwartaal verskuif die oefentye na Dinsdae en Donderdae om 14:15 tot 15:15.
- Wedstryde vind op Woensdae plaas.
- Wedstryde word deur die kring gereël tussen die Liga-skole.

**6. VERVOER NA WEDSTRYDE**

- Wedstryde vind plaas by verskeie liga-skole.
- Spelers word na en van die wedstryd vervoer met skoolvervoer waar verkies.

- Ouers gee toestemming en mag ook self hul eie kinders vervoer.

## 7. SPORTDRAG

- Afrigters en spelers moet ten alle tye in sportdrag geklee wees vir afrigting, met die korrekte tennisskoene.
- Tydens wedstryde moet beide afrigters en spelers in die skool se amptelike tennisdrag geklee wees.

## 8. SPORTBESERINGS

- 'n Noodhulpkassie moet ten alle tye beskikbaar wees.
- Indien 'n leerder op die baan beseer word, moet die afrigter poog om self die besering te behandel indien opgelei. Andersins kan ouers laat weet word om leerder na 'n dokter te vervoer indien nodig.
- Leerders moet die korrekte tegnieke aanleer sodat sportbeserings tot die minimum beperk kan word.

## 9. PRYSUITDELING

- Daar is twee wisseltrofees beskikbaar vir die seniorspelers.
- Dit word op meriete aan die speler van die seisoen vir beide dogters en seuns toegeken.

GETEKEN TE **MOKOPANE** OP HIERDIE **30ste** DAG VAN **September 2018**

________________________________
Beheerliggaamvoorsitter

________________________________
Hoof: Laerskool Krugerpark